Afstigting Satelliet Rietfontein

Lede van streek Kempton Park het op ‘n spesiale vergadering met ‘n oorweldigende meerderheid besluit om die streek te verdeel. Goedkeuring hiervoor is op die NUB van 12 Februarie verkry en ‘n stigtingsvergadering is gehou op 5 Maart 2011. Die stigtingsvergadering onder leiding van die nasionale voorsitter, Jurie Dreyer, is in ‘n goeie gees gehou en bygewoon deur ‘n hele aantal lede van Kempton Park, dagbestuurslede en ander streekvoorsitters.
‘n Reëlingskomitee is verkies om die satelliet te bestuur om sodoende na ‘n volwaardige streek oor te gaan. Die voorlopige naam van die satelliet is Rietfontein, en die motivering daarvoor is dat Kempton Park oorspronklik uit drie plase saamgestel is nl.: Mooifontein, Zuurfontein en Rietfontein. Twee streke wat reeds uit streek Kempton Park ontstaan het is dan ook Mooifontein en Zuurfontein en daarom is gevoel dat Rietfontein ‘n gepaste naam sal wees. Die satelliet word alle sukses toegewens. (Berig deur Jannie Meyer)

Die reëlingskomitee vir die nuwe satelliet bestaan uit: Johan Jacobs (Kempton Park verteenwoordiger), Koos Pieters (Addisioneel), Rudi Kleynhans (Sameroeper), Hentie Wessels (Sekretaris/Penningmeester), Wayne Harris (Kempton Park verteenwoordiger) en Elsa du Plessis (Addisioneel) nie teenwoordig nie.